# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.


FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

DEEL XII. Donderdag 8 Augustus 1957. No. 11.

# Koue - Modder - Sneeu

## GEES VAN WELWILLENDHEID KENMERK TOERE VAN A.S.O., MUSIEKVERENIGING, EN THALIA.

Weereens het die studente van die P.U. vir C.H.O, getoon watter pit in hulle sit toe die vakansie opgeoffer is in diens van die Alma Mater. Alabama Studente-orkes in Noord-Oos Kaapland, P.U. Musiekvereniging in Noord-Transvaal en Thalia in die Oos-Transvaalse Laeveld was waardige ambassadeurs vir die P.U. vir C.H.O. en verdien die hoogste lof vir hul pogings.

### ALABAMA STUDENTE-ORKES:

Ten spyte van koue weersomstandighede, het die Alabama met mnr. Daan Eloff as reisvader onder leiding van mnr. Hennie van der Walt en mej. Sarie Grobler, 'n geslaagde toer van vyftien opvoerings gehou. In meer as een opsig kan dit as suksesvol beskou word. Nie alleen kan 'n wins van ongeveer £700 getoon word nie, maar ook het die toerlede as ware ambassadeurs van die Universiteit in 'n baie gesonde gees in volkome eensgesindheid hul van hul taak gekwyt. Vier opvoerings het elk meer as £100 opgelewer, waarvan die hoogste deur Burghersdorp bygedra is, naamlik £116.

Orals het die organisasie seepglad verloop. Niemand het lyf weggesteek nie, sodat al die „Pukkies" reeds na tien opvoerings verkoop was, terwyl die program groot byval gevind het. Die enigste vlieg in die salf was dat die Spoorweë vergeet het om op Molteno en Aliwal, volgens rooster, die studente se reiswa aan die trein te haak.

Die hoop kan alleen maar uitgespreek word dat die A.S.O. hier met net soveel geesdrif ontvang sal word, sodat dit van krag tot krag sal gaan.

### P.U. MUSIEKVERENIGING:

Agt-en-twintig lede van die Vereniging met Prof. en mevr. M. C. Roode as reisouers het pionierswerk verrig deur vir die eerste keer in die geskiedenis van die Universiteit op toer te gaan. Hoewel die tipe musiek wat aangebied is, nog baie onbekend en min gewild is op die platteland, was die toer in alle opsigte geslaagd en word gehoop om 'n mooi winsie te toon.

Vanuit die staanspoor het die groep met teëspoed te kampe gehad toe die bus waarmee hulle sou reis, 'n dag voor die tyd onklaar raak en hulle met 'n minder geskikte een moes vertrek. 'n Goeie bestuurder was nodig vir 'n bus waarvan die petrol ontydig gedaan raak; 'n kortsluiting wat dreig om alles in vuur te laat opgaan terwyl die brandblusser defek is, vereis teenwoordigheid van gees; net die beskerming van 'n Hoër Hand kan red wanneer 'n swaargelaaide voertuig sonder remme op 'n afdraende voortsnel na 'n brug vol beeste en later teen die oorkantste wal agteruit begin loop—dit alles op een dag. Sonder veel moeite egter, is die dames oorreed om weer passasiers te word van so 'n gevaarte en is die reis voortgesit. Uiteindelik is die toer voortgesit met 'n toegemaakte vragmotor met 'n sleepwa agteraan.

Nog was die teenspoed nie verby nie: op Tsipise was weens 'n misverstand verkeerde reëlings getref. By die middaguitvoering in 'n tent was egter tog een van die grootste gohore. Later is die vragmotor deur 'n ruspertrekker vir vyf myl ver deur die modder getrek. Op pad na Linden het die vragmotor weer 'n skeet ontwikkel en die geselskap het uiteindelik tien minute laat vir die opvoering daar aangekom.

Die gewildheid van die program word daaruit bewys dat te Phalaborwa en Zebediela op versoek ekstra uitvoerings gegee is. Op Saterdagaand, 10 Augustus word die program bestaande uit ligte en gewyde koorwerke, klavier-, sang- en vioolsolo's asook 'n blokfluitensemble, in die Studentesaal aangebied.

Spesiale melding moet gemaak word van die wonderlike gees onder die toerlede—of dit nou te danke is aan die swaarkry, die mooi natuurtonele of die eendaagse besoek aan die Wildtuin.

### THALIA TONEELVERENIGING:

Van 'n geplof in die kapok tot kele wat brandend-dorstig is as gevolg van 'n ongekende hitte—so kan die Thaliatoer saamgevat word. Of nog korter: van Volksrust tot Komatipoort.

Thalia kyk ook met genoeë terug na 'n baie aangename toer deur Oos-Transvaal. Die toerplan het opvoerings op die Hoëveld ingesluit. Wie het nog nie gehoor van die keer toe die ou spul op die perron van die stasie van Heidelberg tot 2.00 vm. rondgejol het omdat die trein nie wou opdaag nie, of die baie aangename week in die omgewing van Nelspruit?


Een saak wat kenmerkend was van die toer, is die groeiende geesdrif vir toneel wat telkens ervaar is en die besonder waarderende gehore wat Thalia orals verwelkom het. 'n Mens kan net tot een gevolgtrekking kom: die naam van die P.U. vir C.H.O. word by die jaar meer bekend by kringe ver buite die Wes-Transvaal.

Wat die stuk self betref: die Pukke het al self geleentheid gehad om 'n oordeel te vorm en dit is oorbodig om hier in te gaan op die meriete van die spel ens. Een saak wat egter duidelik spreek uit die vertoning, is dat dit jammer is dat waar daar soveel gewerk is, daar nie nog veel meer geleentheid vir optrede is nie. Finansiëel kan die toer ook as 'n sukses beskou word.

Met die goeie toerusting het die geselskap vanjaar die geleentheid gehad om die vrug van die nuutste toevoeging tot die toneelgerei te benut: die twee mooi vloedligte wat bepaald handig te pas gekom het.

## AI, DIE LEKKER TOERE.

**Bo: Lede van Thalia ontspan na die koue van Volksrust by Waterval-Boven.**
**Links onder: Die Alabama op 'n stasie naby Sterkstroom.**
**Regs onder: Gly-gly die bult uit. 'n Veelbewoë Saterdag tydens die toer van die Musiekvereniging.**



**HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION.**

Kerkstraat 220 — Telefoon 1293
Potchefstroom.

Voorraadhouers van alle
**Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.**

**CORNER FRUIT STORE**

★

„U KEN ONS!!"

**OOSTHUIZEN**
**Kole-agentskap.**
Kerkstraat 104—Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

**PRO REGE-PERS**
**Boekhandel en Antikwariaat.**
vir al u
Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 95 — Telefoon 1164

**J. HEIDEMA**
Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)

Vir FIETSE.
Vir ZÜNDAPP Motorfietse.
Zündapp model KS 601 £348
Zündapp model 200S £183/2/6
Zündapp Combinette £81/10/-
Zündapp Combimot Fietsmotors £39/-/-

**Studente . . . !!**
vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodighede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS!
**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
Kerkstraat 126 —Telefoon 497

*Die Wapad*
Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
Donderdag 8 Augustus 1957.

# STUDENTETOERE = *Mag dit bly.*

Dat die toere van Alabama, Thalia en die P.U.-Musiekvereniging groot suksesse was, is tans baie duidelik. En die feit dat nog 'n toerende liggaam tot die garde toegevoeg is, stem tot dankbaarheid. Te meer aangesien die Musiekvereniging met trots op sy eerste toer kan terugkyk.

'n Studentetoer bly een van die onvergeetlike herinneringe aan die studentedae en vir hoe meer studente die geleentheid geskep kan word om sulke toere mee te maak, hoe beter vir diesulkes en die Alma Mater. Want die eerste nut van so 'n toer is nie die fondse wat ingesamel word nie, en die geslaagdheid daarvan kan nie gemeet word aan die grootte van die tjek wat aan die S.R. oorhandig kan word nie (dit het die Musiekvereniging bewys) maar veel eerder val te waardeer die geleentheid wat gskep word om die karakter te slyp en te vorm. Wanneer persone by voorbeeld dag na dag in ongerief saamleef, ontstaan ideale omstandighede vir 'n lang vriendskap om te verongeluk of vir die bewys van die mees onbaatsugtige diens aan die medemens.

Dan bly ook die taak wat die toergeselskap het ten opsigte van die publiek. Die minste wat die geselskap aan so 'n ondersteunende publiek verskuldig is, is om aan hulle waarde vir hulle geld te gee. Geen swak program wat alleen daarop gemik is om goedkoop vermaak (waarvoor tog duur kaartjies gekoop word) aan die breedste lae van die publiek te verskaf, mag aangebied word nie. Inteendeel: elke program moet opbouend, opvoedend van aard wees. In die mate wat 'n program aan hierdie vereiste voldoen, bied dit waarde vir die geld—of die gehoor dit so insien of nie. Want baie mense verstaan ook nie die beginsel van „In U Lig" of „Soli Deo gloria" nie, terwyl dit vir ons altyd voor oë staan.

In soverre die onderskeie toergeselskappe hulle dan ook wil sien as kampvegters vir en baanbrekers op die gebied van die in ere herstel van die gesonde vermaak by die gemiddelde Suid-Afrikaanse gehoor, lewer die toergeselskappe iets prysenswaardig.

Ten slotte net dit: mag die Pukke goeie oud-studente bly! Hoe aangenaam is dit nie om op 'n wildvreemde plek aan te kom en die bekende kleurbaadjie daar te sien nie! Die warme belangstelling van so 'n persoon kan reeds vooraf die sukses van die aand se optrede verseker—en gevolglik ook 'n nuut-gebore trots en trou vir sy Alma Mater by die betrokke persoon.

**REDAKSIE**

Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, H. Dykstra, Mej. M. Willemse; Kuns: Mej. R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert, Mej. R. Bruyns; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, Mej. B. van Rooy; Aflos Mej. L. Heslinga; Fotograaf: J. van der Walt.

**ADMINISTRASIE**

D. Yssel (Sakebestuurder); J. B. W. le Roux (Advertensiebestuurder); Mejj. C. Kruger, E. M. Kruger, A. Davel, Mnre. E. J. de Villiers, E. Howaldt, W. J. van der Merwe, J. P. Marais, L. J. Swart, R. G. P. Vorster, A. J. Pretorius.

## Aanvang van Tweede Semester.

Die opening van die Universiteit op 31 Julie 1957 is waargeneem deur Ds. Bierman van die Hervormde Gemeente. Na 'n kort oordenking deur die weleerwaarde heer, het die Rektor, Prof. J. Chris. Coetzee, in sy verwelkomingswoord sy waardering uitgespreek vir die goeie opkoms van studente en veral klem gelê daarop dat dit geen formele samekoms is nie, maar alleenlik 'n openbare belydenis van ons Christelike grondslag.

Ds. Bierman het as teks van sy redevoering Gen. 41:35 in aansluiting by Matt. 6:19 geneem. Die wyse raad van Josef aan Faro is deur die spreker in toepassing gebring op die stoflike, verstandelike,en geestelike terreine van die lewe, met inagneming van die waarskuwing: „ . . . Waar geen mot of roes verniel nie". Dit moet ons bede wees dat, waar die geestelike waardes veelal uit die oog verloor word, dat ons lewensbeginsel sal wees „As jou oog dan reg is . . . ."

Nadat Ds. Bierman voorgegaan het in die gebed, is hy deur die Rektor bedank. Voorts het Prof. Coetzee personeellede na afwesigheid met verlof terug verwelkom en melding gemaak van die siekte van Prof. P. J. S. de Klerk, Rektor van die Teol. Skool.

Ook die groot aantal studente is verwelkom deur die rektor, wat ook 'n woord van dank gerig het aan die drie liggame wat toere gedurende die vakansie onderneem het.

## 'n Dringende Beroep.

Daar word beoog om **Die Besembos** ook 'n beeld van enkele aspekte van die vernaamste gebeure gedurende die afgelope jaar vanaf Augustus 1956 te laat bied, Pukkies. Wie van u het boeke gepubliseer, verloof of getroud geraak, 'n besondere beurs verower of op ander wyse u onderskei? En wat beskou u as die vernaamste ontwikkelings en gebeurtenisse in ons studentelewe van die afgelope tyd? Besorg asb. alle informasie—of dit nou uself, u vriend of wat ook al raak—**so spoedig moontlik** in die posbus van **Die Besembos** by die kafeteria. Sonder die hulp van **elke** Pukkie kan ons nie 'n gebalanseerde beeld opbou nie; dus: blinddoek u skugterheid en help ons **nou**, sodat **Die Besembos** aan **u** verwagtings kan voldoen!

# Oordenking

## 'N MORELIED.

Ek het gaan lê en aan die slaap mag raak; ek het wakker geword, want die HERE ondersteun my. Psalm 3:6.

Slaap! 'n Doodgewone alledaagsheid. Maar tog iets wat selfs digters geïnspireer het om skone gedigte daaroor te skryf. En werklik, dit is 'n gawe waarvoor ons opreg dankbaar behoort te wees. Rus is nodig; rus van die alledaagse arbeid; rus om weer hernude kragte te kan ontvang. Onrus is egter die kenmerk van die lewe vandag—van ons wieg tot ons graf jaag die lewe voort.

Daarom te meer is die woorde van die Psalmis, Dawid, vir ons van groot betekenis. Om die HERE te dank vir rus wat hy kon geniet het te midde van soveel gevaar, gejaagdheid en spanning. Gevaar ja, want die koning Dawid moet vlug vir Absalom, sy seun. Dawid se lewe is in gevaar. „Tienduisende mense staan rondom gereed"—om die aanslag op Dawid se lewe te maak.

Hy is dus allermins 'n persoon wat 'n kalme, rustige lewe ly, en van sy troon af op die onrustige krioel van mense neersien. Nee, Dawid het genoeg rede om beangs te wees.

Te midde van die angs skenk God die HERE hom tog rus. „Ek het gaan lê en aan die slaap mag raak; ek het wakker geword, want die HERE ondersteun my." Opregte woorde van dank vir dié genade aan hom bewys.

Maar, geagte student, dink ons ook so daaraan? Wanneer ons 'n nag van rus agter die rug het, wanneer ons in die oggend ontwaak met nuwe kragte vir ons dagtaak, dink ons daaraan dat dit 'n genadegawe van die HERE is? Hoevele lê rusteloos en rondrol—die slaap het van hulle gewyk; deur liggaamspyn gekwel, of deur sorge benoud. En ek, hoewel glad nie 'n beter mens as hulle nie, ek het die genadegawe van rus ontvang. Maar dit is ook so vanselfsprekend, so alledaags, dat dit maar net so verbygaan—geen dank aan die HERE nie.

Daarom is die woorde van die Psalmdigter vir ons 'n opwekking—om ook vir die alledaagse dankbaar te wees.

Ook noudat ons 'n tydperk van rus gedurende die vakansie agter die rug het, is ons opreg dankbaar daarvoor—dankbaar vir hernude kragte wat ons weer kon opbou om 'n nuwe semester se werk aan te pak? Of beskou ons dit ook as 'n alledaagsheid; of as 'n tydperk wat ons net bederf, en nou is die werk weer 'n las? Nee, ons moet dankbaar wees vir die hernude kragte wat ons kon opbou in die tydperk van rus, en met nuwe ywer ons taak opneem en vervul tot eer van God.

So ook ontvang ons telkens geestelike rus—rus van die aanvalle van Satan. Wie in Jesus Christus glo, geniet van die vrede wat Hy verwerf het. Nie aan die anderkant van die graf ontvang ons eers geestelike rus nie. Nee, hier ontvang ons die rus deur Jesus Christus.

P. J. J. v.d. Walt.

**S.A.N.L.A.M.**

Word verteenwoordig deur

**Mnr. J. Venter**

Dawie du Plessis, Heimat,
Piet Grobler-huis,
Teologiese studente.

**Mnr. H. van Rooy**

Klawerhof, Ons Huis, Postma Huis, Uitspan, De Klerk Huis.

**Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.**

**G. H. Juweliers**

Kerkstraat 129.

Herstelwerk Deskundige

Horlosiemaker en Juwelier

**ALF CURADO**

(VOORHEEN VAN BEYERS CLAASSEN)

**maak met genoeë bekend dat hy nou sy eie fotografiese ateljee**

**ALF'S STUDIOS**

**KERKSTRAAT 92 (Langs die Grand-teater)**

**geopen het ten einde hom in staat te stel om te spesialiseer in hoogstaande huweliks- en groep-portretwerk en kinderstudies.**

'N SPESIALE ONTWIKKELING- en AFDRUKDIENS (Aflewering binne agt uur) word ook vir die gerief van amateur-fotograwe aangebied. Ontvang nog dieselfde dag as dit voor 10 vm. ingegee word.

**As u met net die beste tevrede is, kom gerus na ons toe.**

**W. J. SPAVINS & SEUN**

vir alle

***Elektriese Benodigdhede***

**KOELKASTE • RADIO'S**

**Kerkstraat 101 — Potchefstroom.**

Telefoon 185.

**D A M E S ! !**

**Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT teen baie redelike pryse.**

**OOK ALLE TOILETWARE.**

Kom besigtig ons nuwe SOMERVOORRAAD

**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**

TOMSTRAAT 92 — FOON 1389.

**POTCHEFSTROOM**


MALAN MEUBILEERDERS

**S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,**

**POTCHEFSTROOM.**

•

**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**




# Thalia seëvier weereens.

Die afgelope 3 jaar het ons Thalia van krag tot krag sien gaan, in die kettingreeks van seges, waarvan die opvoering van „Die Kandidaat van Bommel" Saterdagaand 3 Augustus in die Totius-gedenksaal seker 'n hoogtepunt was.

Dr. Theuns Cloete is die man wat hiervoor besondere vermelding verdien. Want nie alleen het hy die stukke gekies nie, maar ook besonder suksesvol vertaal, en dit, meen ons, is die grond van die sukses van die afgelope drie jaar. Met goeie stof voorhande kan enige toneelspeler ook sy beste lewer.

Die bewys daarvan het ons Saterdagaand gesien—dit was die eksentrieke mnr. Van Bommel wat Jurie se spel die hoogte laat inskiet het—sonder om 'n klug daarvan te maak (soos dikwels met die „eksentrieke rol" in 'n blyspel gebeur) het hy daarin geslaag om Van Bommel as 'n mens voor ons te laat lewe. Tenspyte daarvan dat die komiese in die algemeen menslike swakheid van Van Bommel beklemtoon word, verloor hy tog nie sy waarde as mens, deur heeltemal te verloop in 'n karikatuur van die spot nie.

Dieselfde kan gesê word van die (TWEE!) rolle van Dries en die listige liefdevolheid van Breggie. Dit alles vereis 'n goeie skrywer, en, dit is eintlik wat ek wil sê, 'n goeie vertaler.

* * *

Ek hoop nie die geagte leser dink nou dat ek die plek van die spelers wil negeer in hierdie stuk nie—hulle het ons voor ons sien optree en hulle het vir hulself getuig. Maar dis die stil arbeid van oom Theuns waaraan ons hier hulde wil bring. Ontvang ook langs hierdie weg ons hartlike gelukwensing. Ons sê: Dankie vir hierdie, en asseblief vir die volgende!

Heil Thalia!

# DIE MAAN HET GEBLOOS

Soos gewoonlik gedurende Julie-vakansies gebeur, het die Pukke weer die afgelope vakansie 'n „diamond-rush" van stapel gestuur, en hulle het letterlik toue voor die juweliers, wat 'n mens tog so maklik kan kul, gestaan. Tjaart reken 'n mens moet net goeie kontakte hê, en te oordeel aan die Cullinan aan Babie se vinger is hy definitief naby aan die waarheid! ! Ek wonder of die ander voornemende verlowers so 'n gulde kans as 'n S.R.-voorsitter se voorbeeld in hierdie opsig kan laat verby gaan? Jam de Villiers weer, reken 'n mens moet weet wat jy wil hê en jou nie aan „sales talk" steur nie, en Drienie stem, soos dit volgens die huweliksformulier so duidelik beveel word, volmondig saam. Peet Steyn het sommer so stil-stil ook die blink klippie aan sy toekomstige pastoriemoeder, Adri van der Merwe, se vinger gesteek.

* * *

Dit het al so tradisie geword dat Thalia en Alabama na hulle toere by mekaar spog oor al die verhoudings en mislukte verhoudings wat die toere veroorsaak het, dat almal se monde oopgehang het toe 'n lid van elke span nogal na die toer en bowenal met mekaar, afgehaak het. ('n Voëltjie fluit dat die mans van Thalia en die dames van Alabama maar bly was dat Martin van der Walt en Rita Vorster tot na hulle onderskeie toere gewag het! !) Daar hang ook 'n storie in die lug dat Alabama vanjaar gaan seëvier in die bogenoemde strydpunt as gevolg van die knap werk van Louw van Wyk (ghitaar) met Petro (van dieselfde van) se hartsnare. Vir bevestiging hiervan moet ons egter maar eers wag tot die orkeslede wat maar nie kon ophou toer nie, terugkom.

* * *

Ten slotte nog 'n aanmerking: Sommige persone veral Tokkelokke, toon in die laaste tyd sterk plantaardige neigings (rank) „as gevolg van die koue" op Sondag-aande na kerk. Vra maar vir J.B.

TURKSTRA BAKKERY
(Edms.) Bpk.
Kerkstraat 61.
RAADPLEEG ONS VIR . . .
● BROOD
en
● ALLE KOEKSOORTE.
ELKE DAG VARS . . . .

J. TOD SUTTIE.
Komplete
Mansuitrusters
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstraat 177 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

JAY'S GARAGE
(K. NODEL, Eienaar)
Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM
Voorraadhouers en Handelaars in
● MASSEY-HARRIS TREKKERS
● PLAASGEREEDSKAP,
● PLANTERS en STROPERS,
● S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

LOOCK & KEENEY
Kleremakers
Calderbanksgebou,
Kerkstraat 150 — Telefoon 855.
POTCHEFSTROOM.

Drink S & S en Geniet
DIE BESTE
SUPER ORANGE
TING-A-LING
PEP-A-DILLA
TOP HAT
SHERR & SHAKINOVSKY
POTCH. MINERAL WATER FACTORY
Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

MOOIRIVIER-APTEEK
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380
Die Apteek vir Diens!!

KOM SIEN ONS—
vir al u
● Fotografiese
en
● Aptekersbenodigdhede.
GEEN & VELLEMAN
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

PRESIDENT CAFE
and
GRAND CAFE
FOR:
● SWEETS,
● GRILLS
and
● COOLDRINKS

A. T. LUKE & KIE.
APTEEK
ook
● GRAMMOFOONPLATE
Gewone- en Langspeelplate.

ARCADIA
Dames- en Mans-
HAARKAPPERS
VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.
„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons leuse.
Rokersbenodigdhede en Fantasiegoedere

DIE BULT SKAATSBAAN
„PUKKE ondersteun ons vir AANGENAME ONTSPANNING"
Oop vanaf 7.30 in die aand

J. P. van der WALT
APTEEK
Kerkstraat 161 — Potchefstroom
„ONDERSTEUN 'N OUD-P. U. KANER!"
Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

WESTVAAL
Studente !!!
VIR KWALITEIT DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
WESTVAAL

INGRAM SE
BOTTELSTOOR
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
● Wynsoorte
en
● Spiritualieë




## Oor kritiek op oordenking.

Geagte Redaksie.

Vergun my 'n paar woorde oor die brief in „DIE WAPAD" van 13 Junie, onder die opskrif:

„KRITIEK OP OORDENKING"

In die eerste plek wil ek sê dat ek self nie tevrede voel met die gehalte van my oordenking van 28 Mei nie, daarom verwelkom ek die kritiek.

Wat my egter hinder is die sieklike gees waarin ek gekritiseer is. (Of moet ek sê aangeval?) Iets soos bv. „derderangse snikstories", dui m.i. alleen op walging.

Die lesers sal wel opgemerk het, dat my geagte kritikus in gebreke gebly het om die meeste van sy uitlatings te motiveer.

Voorts wil ek my kritikus daarop wys, dat die woorde „evangelie wil vertolk", wat hy gebesig het, 'n ketterse klankie dra. Die juiste sou wees „verkondig".

Dan wil ek duidelikheid hê op die volgende punte en sal 'n antwoord hoog waardeer:

1. Of 'n dringende oproep op die menslike gevoel, wanneer dit in krag en waarheid gedoen word, onskriftuurlik is? Het God dan alleen reg op ons verstand en niks op ons hart nie? Ondergetekende sal talle plekke van die s.g. „gevoels-opsweping" in die skrif aantoon.

Dan laat ek dit aan die oordeel van die lesers oor, om vas testel of die betrokke oordenking daarop gemik is om die gevoel „op te sweep".

2. As die oordenking „geen suiwere uitleg" is nie, sal ek graag die „suiwere" van my kritikus wil verneem. Alle teoloë se deure staan vir hom oop, as hy hulp in dié verband nodig het. Daarby sal ek ook die onsuiwerheid in die uitleg duidelik om-

Vervolg kolem 2 en 3.

# Wees 'n aktiewe Christelike Gemeenskap!

Mnr. die redakteur,

Baie van ons het die beskuldiging gehoor dat die studente van die P.U. vir C.H.O. alleen daarin verskil van ander studente, dat hulle nie as liggaam danse hou nie. Ons is dan natuurlik dadelik op ons perdjie en bestry hierdie bewering ten sterkste. Die standpunt van die owerhede is natuurlik heeltemal reg dat danse verbied word. Ons praat nou nie van die persone wat op ander plekke dans nie.

Ek het net begin wonder of die bogenoemde kritiek nie miskien werklik van toepassing is nie. Dit is baie goed om negatief te staan teenoor dinge wat nie met ons beginsels strook nie. Ons wat ons beroem dat ons studente aan 'n Christelike inrigting is, kan egter nie volstaan daarby nie.

Die positiewe kant van ons beginsels kan en mag nie uitbly nie. As ons in oënskou neem wat ons doen as studente omtrent die beginsels waarop ons universiteit gebou is, dan doen ons nie veel nie.

Dit is wel waar dat ons 'n vereniging soos Korps V.V. het, maar die meeste van ons sit maar net passief en luister na die verrigtinge. Ek is bewus van die feit dat sekere besture baie positiewe werk doen. Ek dink o.a. aan die komitee van die Korps V.V. wat hulle beywer vir die verspreiding van Calvinistiese lektuur. Vir hierdie werk kan ons alleen waardering hê, maaar dit is alleen 'n klein groepie wat hulle aan dergelike sake wy.

Wat doen die gewone student egter in hierdie verband? Stem u nie saam dat ons eintlik niks in hierdie verband doen nie? Die meeste van ons hou ons uitsluitlik besig met eksamens en plesier. Ons neem kennis van ons inrigting se beginsels en daarby bly dit. Baie van ons staan heeltemal passief teenoor hierdie belangrike saak. Op massa-vergaderings tree beginselsake nie meer op die voorgrond nie, maar alleen konstitusionele sake. Ek wil nie teen die Studenteraad agiteer nie, want as die massa nie uit hulleself sulke sake aanroer nie, sal daar nie iets positiefs bereik word nie.

Sou ons nie as eerste stap byvoorbeeld byeenkomste kan reël, waar die sing van Psalms en ander gewyde liedere die belangrikste tema is nie? In so 'n byeenkoms sal elkeen kan voel dat hy of sy aktief deelneem aan die verrigtinge, wat sou dien as positiewe uitlewing van ons vooropgestelde beginsels.

Verder is daar die moontlikheid om eenmaal per week gedurende die eerste periode 'n oggendgodsdiens te reël. As die wil daar is moet sake soos hierdie 'n sukses wees. Daar kan ook baie meer rekenskap gegee word aangaande die verband tussen wetenskap en ons vooropgestelde lewensbeskouing.

Sake soos hierdie kan deur die owerheid afgedwing word, maar as dit uit onsself voortkom sal dit soveel meer betekenis hê. Dit sal 'n aanduiding wees dat ons ons roeping as Christenstudente nog nie vergeet het nie.

Ek dank u vir plasing.

L. van Dalsen.

## Vervolg „Oor Kritiek op Oordenking.

lyn wil sien — deur te se „in sy geheel" gaan vir my nie op nie.

3. As daar staan: **droefheid** (het) julle **harte vervul**", hoe sou my kritikus dit beskryf? Met vreugde? Dan laat ek dit aan die lesers om te oordeel of die **hele stuk** „met trane besaai was".

Dan sal ek dit hoog op prys gestel het, as my kritikus nie 'n skuilnaam gebruik het nie. Dit verwyder dadelik alle broederlikheid. Verder dra die kritiek ook geen vermanende karakter nie, veel meer 'n skimp vanuit die donker, en daaroor is ek jammer.

Anti-trane tree gerus tevoorskyn, dan kyk ons mekaar broederlik in die oë om tesame die weg van liefde te bewandel.

Dankie aan die redaksie vir hierdie plasing.

die uwe,

(Get.) Koos du Plooy.

[Hiermee word die bespreking van Kritiek op Oordenking afgesluit. (Red.)]

PUKKIES!!
SPAAR JULLE ENERGIE
VIR GROTER DINGE
BESOEK:

KOLLEGE
ONTWINKEL

PUKKIES!!
• TOILETWARE
• SKOONHEIDSMIDDELE
VIR:
• SKRYFBEHOEFTES
• VULPENNE
• HORLOSIES
• EETWARE en alle
• STUDENTEBENODIGHEDE.

Hierdie is die winkel waarna julle al jarelank smag.

H/v Tom- en von Wiellighstrate.

UNIE BAKKERYE
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede
TROU, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.
Kerkstraat 60, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp.

Central News Agency Ltd.
Ons Voorsien in alle Universiteitsboeke, skryfbehoeftes, Plaaslike en Oorsese Tydskrifte en Koerante.
Kerkstraat 139, — Telefoon 114
POTCHEFSTROOM

ADVERTEER
IN
„DIE WAPAD"

# Vakansie kortwiek Theos.

## Gebrek aan fiksheid rede vir neerlaag

Sommer met die intrap ná die vakansie, het Theos op hulle baadjie gekry teen Dorp (11—6). Dit is veral jammer dat Theos nou moes pak kry want dit beteken dat Lichtenburg nou die voorbokke is in die mededinging om die Neserbeker. Lichtenburg loop nou voor met 'n totaal van 14 punte, gevolg deur Theos, met slegs een punt na hulle.

Aan die begin van die wedstryd het die Pukkies op Dorp se doellyn geboer, maar die rotsvaste verdediging van Dorp het verhoed dat Theos in die eerste helfte punte teen hulle opstapel. Die spel het later geweldig heen-en-weer geswaai van doellyn tot doellyn en die punte is om die beurt deur Dorp en Theos aangeteken. Indien Theos oor 'n stelskopper beskik het, kon sake straks anders verloop het.

Die voorspelers het geswoeg en gesweet om die bal te bemeester en het dit aanvanklik dan ook reggekry, maar 'n gebrek aan fiksheid aan die Pukkies se kant het die dorp in die tweede helfte die oorhand laat kry. Theos se agterlyn het gretig op die bal gewag en dan ook 'n paar mooi bewegings van stapel gestuur, maar ook hier sal ons manne baie gou moet fiks raak.

NAVY:

Navy het hulle teenstanders, nl. Dorp se tweedespan, met 8—3 die loef afgesteek. Dit was egter ook 'n saai wedstryd wat min hoogtepunte opgelewer het. Hierdie oorwinning beteken egter baie vir Navy en moedig hulle aan om verder so voort te gaan. By tye was daar egter mooi oplewings en een pragtige beweging het op 'n drie deur Swanepoel uitgeloop.

FIRES:

Fires kon op Park B net nie daarin slaag om Dorp se derde span te oormeester nie. Hulle moes die knie buig met 6 punte teenoor 3.

O—19:

Onder 19-A se wedstryd is gekanselleer en hulle kry dus punte. Dit lyk na 'n uitgemaakte saak dat O-19A vanjaar weereens die louere gaan inoes.

Die onder-19B span het in hul wedstryd teen Strathvaal amok gemaak deur lg. 17—6 te klop.

OPLOSSING:

'n Mens wonder of die hele moeilikheid van onfiksheid en die daarmee gepaardgaande neerlae om die beker, nie enigsins opgelos kan word deur die program elke jaar so te probeer reël om die eerste week ná die Julievakansie 'n vriendskaplike wedstryd te reël sodat ons manne eers kan fiks kom en ook wedstrydoefening kry.

'n Ander moontlikheid is dat Theos i.p.v. die Aprilvakansie, liewer 'n voetbaltoer moet reël vir die laaste twee weke in Julie. Dit sal dan verhoed dat die Pukkies jaar na jaar, net na die vakansie moet slae kry en hulle sodoende 'n steeds gevoeliger hou toegedien word.

EXCELSIOR MEUBELS

Kerkstraat 184 — Potchefstroom — Telefoon 743

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"

**Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.**

ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.




„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg RA 136

"DIENS AAN DIE GOUE WESTE DEUR FOTOGRAFIE"

Beyers Claassen

B.Sc. (S.A.)
M.P.S.A. CERT. MY.
M.P.S.S.A. INST. P. (U.S.A.)

KERKSTRAAT POTCHEFSTROOM



GEDRUK DEUR ENSLINS, POTGIETERSTRAAT 31, POTCHEFSTROOM.